Omgewingskennis

"Historiese geboue is die sout en peper van ' n stad"
- Hannes Meiring

Doelwit: *Om die Verkenner vertroud te maak met die geskiedenis van die omgewing waarin hy woon – met klem op die geskiedenis van die Afrikaner in sy omgewing.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.

ABC: Hierdie spesialisasie bevorder eerstens Burgerskap deur die kennis wat opgedoen word aangaande die Verkenner se omgewing en prominente persone. Afrikanerskap word bevorder deur die verwysings wat deurgaans gemaak word na plekke, gebeurtenisse en persone van belang vir die Afrikaner.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	3 dae	**Graadgroep:**	8 - 11
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met die geskiedenis van sy omgewing en 'n kort werkstuk inhandig wat die volgende aspekte dek:*
   - *1.1 Ontstaansgeskiedenis van sy dorp of distrik, die -geskiedenis van die naam, vroeë inwoners, eerste blanke inwoners, herkoms van **drie** straatname of **drie** plaasname, oudste geboue en oudste kerkgebou van 'n Afrikaanse kerk.*
   - *1.2 Eietydse inligting van sy dorp of stad:*
     - *1.2.1 Simboliek van die stads- of dorpswapen en die herkoms en betekenis van die dorp of stad se leuse.*
     - *1.2.2 Die name van die huidige burgermeester, stadsklerk en raadslid vir die wyk waar die Verkenner woon.*
     - *1.2.3 Belangrike opvoedkundige, kulturele en ekonomiese bedrywighede wat beoefen word.*
     - *1.2.4 Die name van **twee** persone of instansies wat tans in die dorp of stad woon of funksioneer wat belangrik is vir die Afrikaner en Voortrekkers asook die rede vir hulle belangrikheid.*
     - *1.2.5 Die Verkenner moet **een** onderhoud met sodanige persoon voer.*
   - *1.3 'n Standbeeld of historiese plek in die dorp of stad of distrik besoek en beskryf.*
   - *1.4 Enige gebeurtenis beskryf in die geskiedenis van die gekose plek wat van belang is vir die Afrikaner.*

2. *Aan **een** van die volgende vereistes voldoen:*
   - *2.1 'n Besoek aflê by 'n kultuurhistoriese museum, monument, slagveld, begraafplaas of ander besondere geskiedkundige plek en 'n praatjie van vyf minute hou oor die indrukke wat dit op hom as Voortrekker gemaak het.*
   - *2.2 'n Onderhoud op band voer met 'n senior inwoner wat lank in die omgewing gewoon het, oor die mense wat daar geleef het en die ontwikkelings wat mettertyd plaasgevind het.*
   - *2.3 'n Video, skyfievertoning of uitstalling van foto's aanbied.*

WENKE

- *Besoek die dorps- of stadsmuseum.*
- *Die volgende literatuur is bruikbaar:*
  OBERHOLZER, J.J. Historiese monumente van Suid-Afrika.